higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N390**(A)**(N22)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N5

(7080115)

22 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie instruksies bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies 'n item/woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Organisering, identifisering en vertolking van sensoriese inligting	A	marakka
1.2	Tonnels wat gemaak word deur groot buitebande in die grond te begrawe	B	tema
1.3	Organisering, rangskikking en samevoeging van voorwerpe	C	babas
1.4	Stoeledans ('Musical chairs')	D	ritmiese beweging
1.5	Wiskundebegrip	E	om ritmies op die bene te slaan
1.6	Om te loop, te huppel en te dans	F	kontras
1.7	Onderwerp van 'n praatjie	G	wegkruipplekke
1.8	Sosialisering vind deur middel van wisselwerking plaas	H	ouditiewe bewustheid
1.9	Educarer klap die hande en sê 'n frase wat die kinders dan herhaal	I	persepsiehoekie
1.10	Stabiele rangskikking van voorwerpe	J	begrip
1.11	Liggaamsperkussie	K	balans
1.12	Uiterstes van ligte en donker patrone	L	ruimte en vorm
1.13	Musiekinstrument	M	fokuspunt
1.14	Veralgemeende idee	N	komposisie
1.15	Middelpunt van 'n tekening	O	ouditiewe opvolging

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Die doel van die nuuskierigheidshoekie is om denke, probleemoplossing, ontdekking en kreatiewe denke aan te moedig.

2.2 Die educarer moet altyd met konkrete materiaal werk omdat die kleuters nog nie abstrak kan dink nie.

2.3 Daar mag nooit iets op 'n rapport of verslag deurgehaal word nie.

2.4 Stories moet altyd langer as die kind se konsentrasietydspan wees.

2.5 Rympies moet altyd 'n diepe betekenis inhou.

2.6 Kinders is in staat om stories te dramatiseer.

2.7 Artikulasie beteken die manier waarop kinders woorde in spel vertolk.

2.8 Dit kan raserig in 'n oopplanaanbieding wees.

2.9 Vorms word meer beheersd in die simboliese stadium.

2.10 Begripsvorming hang af van die kompleksiteit van die voorwerp.

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Noem TIEN stappe wat uitgevoer kan word om 'n veilige speelterrein te verseker. (10)

3.2 Bespreek die soort prente wat op 'n speelkamermuur vertoon moet word. (5)

3.3 Elke dagsorgsentrum behoort 'n noodhulpkas te hê.

Dui die vereistes vir hierdie kas aan. (5)

3.4 Noem VYF manipulasiespeelgoed vir die ouderdomsgroep van twee tot drie jaar. (5)

3.5 Gee VYF idees vir morsige spel wat 'n educarer vir 'n groep van driejarige kleuters kan gebruik. (5 × 2) (10)

3.6 Verduidelik die belangrikheid daarvan dat Sammy dinge op sy eie moet beproef en ontdek aan mev Nxumalo. (5 × 2) (10)

3.7 Jy is die educarer in die klas en Sammy probeer om die sirkel in die vormsorteerspeelgoedboks in te druk.

Verduidelik jou rol in hierdie probleemoplossingsaktiwiteit. (5)
[50]

VRAAG 4

4.1 Noem VIER instrumente wat vir daaglikse rekordhouding gebruik kan word. (4)

4.2 Een van die maniere waarop 'n educarer 'n blywende invloed op kinders se algehele sukses kan uitoefen, is om 'n liefde en geesdrif vir lees by hulle te kweek.

4.2.1 Verduidelik hoe jy die uitleg van 'n leeshoekie in die dagsorg-sentrum sal beplan. (10)

4.2.2 Bespreek hoe jy 'n storie aan 'n groep kleuters sal voorlees. (10)

4.3 Dui VYF aktiwiteite aan wat saam met driejariges gedoen kan word om die getallebegrip vir hulle te leer. (5 × 2) (10)

4.4 Noem SEWE struktuurelemente van musiek. (7)

4.5 Noem VYF werksoppervlakke wat vir modelleringsaktiwiteite gebruik kan word. (5)

4.6 Dui TWEE voordele aan van kinders wat na verskillende klasse vir aktiwiteite in die dagsorgsentrum moet gaan. (2 × 2) (4)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Die educarer by die Savo-dagsorgsentrum is bekommerd omdat Sammy nog nie die krabbelstadium van teken bereik het nie.

5.1.1 Noem die DRIE stadiums van krabbel. (3)

5.1.2 Beskryf elke stadium wat in VRAAG 5.1.1 genoem is. (3 × 3) (9)

5.2 Wat moet in aanmerking geneem word wanneer jy gassprekers kies en uitnooi om met die kinders by die dagsorgsentrum te kom praat? (4 × 2) (8)

5.3 Beplan 'n musiekles vir 'n groep van 10 kleuters van drie jaar oud.

Jou lesplan moet die volgende insluit:

1. **ALGEMENE INLIGTING** (6)

2. **INLEIDING**
   - Aktiwiteit
   - Hulpmiddels/Apparaat
   - Doelwit (3 × 2) (6)

3. **LIGGAAM**
   - Aktiwiteit (6)
   - Hulpmiddels/Apparaat (2)
   - Doelwit (4)

4. **GEVOLGTREKKING**
   - Aktiwiteit
   - Hulpmiddels/apparaat
   - Doelwit (3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou